**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Graad 3, Afrikaans Huistaal: Assesseringsuiteensetting**

**Kwartaal 4**

**Naam** ______________________________

**Van** ________________________________

**Datum** ______________________________

| Leerarea | |
|---|---|
| 1. Luister en praat | 30 |
| 2. Klanke | 30 |
| 3. Lees: Gedeelde lees, groeplees en individuele lees | 30 |
| 4. Skriftelike werk | 75 |
| 5. Skrif | 18 |
| Totaal | 183 |

**Graad 3: Afrikaans Huistaal**

**Lees: Gedeelde lees**

**Naam_______________________________**

**Graad ____   Datum______________**

Lees die storie en  beantwoord die vrae wat volg.

**Alles oor myself**

Hallo. My naam is Sandra. Ek is ’n meisie en my geboortedatum is 3 Mei 2015. Kan jy my ouderdom skat? Ek het blou oë en rooi hare.

Ek woon saam met my gesin op ’n plaas. My gesin bestaan uit my pa, ma, suster en my broer.

My suster se naam is Annie en my boetie se naam is Pieter. Ons plaas se naam is Rautarua.

Rautarua is in ’n klein dorpie in die Vrystaat, naamlik Fauresmith. Hier word dit baie koud in die winter en vreeslik warm in die somer. Ek geniet dit vreeslik om naweke saam met my pa na die mielies te gaan kyk op ons plaas. My boetie help weer my pa om die trekker te ry op die plaas. My sussie is altyd besig om my ma in die kombuis te help bak en brou.

Sondae gaan ons 8h00 in die oggend kerk toe. Daarna koop my pa die koerant en lees heel middag al die nuus vir ons.

**Afdeling A**

1. Gee ’n titel vir die storie.

___________________________________________ (1)

2. Wat is die meisie van die storie se naam?

____________________________________________ (1)

3. Hoe oud dink jy is Sandra?

____________________________________________ (1)

4. Wat is Sandra se sussie se naam?

____________________________________________ (1)

5. Wat is Sandra se boetie se naam?

____________________________________________ (1)

6. Waar woon Sandra saam met haar gesin?

____________________________________________ (3)

7. Waarmee help Pieter sy pa?

______________________________________________ (2)

8. Waarmee help Annie haar ma?

______________________________________________ (2)

9. Beskryf die winters en somers op die plaas.

__________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________ (4)

10. Met wat boer Sandra se pa?

________________________________________________________________________________________ (2)

11. Wat doen die gesin op Sondae?

________________________________________________________________________________________ (2)

**Totaal** **20**

**Memo: Gedeelde lees**

1. Enige gepaste, relevante titel.
2. Sandra
3. Sandra is 10 jaar oud.
   - Antwoord met sin = 2 punte
   - Antwoord met slegs woord = 1 punt (bv. net ouderdom)
4. Sandra se sussie is Annie. (of soortgelyk)
   - Volledige sin = 2 punte
   - Slegs naam as antwoord = 1 punt
5. Sandra se boetie is Pieter. (of enigiets soortgelyk)
   - Antwoord met sin = 2 punte
   - Slegs naam = 1 punt
6. Sandra woon saam met haar gesin op 'n plaas, Rautarua, in 'n klein dorpie in die Vrystaat, naamlik Fauresmith. (enige soortgelyke antwoord)
   - Volledige sin met al die name = 3 punte
   - Antwoord in sin maar nie al die name word genoem = 2 punte
   - Slegs die name word genoem = 1 punt
7. Pieter help sy pa die trekker ry. (soortgelyke antwoord)
   - Antwoord met sin = 2 punte
   - Slegs een antwoord = 1 punt
8. Annie help haar ma in die kombuis met bak en brou. (enige soortgelyke antwoord)
   - Antwoord met sin = 2 punte
   - Antwoord slegs met een woord = 1 punt
9. Die winters is baie koud en die somers is baie warm. (enige soortgelyke antwoord)
   - Antwoord met sin = 2 punte
   - Antwoord net met een woord = 1 punt
10. Sandra se pa boer met mielies. (enige soortgelyke antwoord)
    - Antwoord met sin = 2 punte
    - Antwoord slegs met een woord = 1 punt
11. Die gesin gaan kerk toe op Sondae. (enige soortgelyke antwoord)
    - Antwoord met sin = 2 punte
    - Antwoord met een woord = 1 punt

**Afrikaans Huistaal**

**Lees: Groepbegeleide lees**

**Naam ________________________________**

**Graad _______**

**Datum_________________________________**

Lees hardop saam met jou klasmaats die volgende storie aan jou juffrou.

**Slim vang sy baas**

Een oggend loop en ruik Jakkals tussen bosse en gras rond toe hy Karel Kraai op die dak van die plaas se stoor gewaar.

“Goeiemôre, my liewe vriend,” groet Jakkals vriendelik.

“Môre Jakkals,” groet Karel Kraai. “En waarom loop en snuffel jy so?”

“Ek is op soek na ’n vriend vir my,” sê Jakkals vinnig. “Dis nie lekker om geen vriende te hê nie. Kom kuier bietjie hier by my.”

“O nee,” antwoord Karel Kraai. “Ek weet van jou streke. As ek kom kuier, gaan jy my eet.”

“Nog nooit sal dit gebeur nie!” roep Jakkals uit. “Het jy dan nie gehoor nie? Daar is vrede op die plaas onder al die diere.”

“Kwa-kwa-kwa,” lag Karel Kraai.

“Wat is so snaaks?” vra Jakkals. “Nee, ek lag sommer vir al jou grappies,” antwoord Karel Kraai.

“Wat bedoel jy?” vra Jakkals.

“Gister het Leeu my bekruip,” vertel Karel Kraai. “Toe moes ek die bosse in vlug. Gelukkig is Boer en sy honde op pad om my te soek. Ek kan hulle al sien aankom.”

“Nou ja, dan gaan ek nou maar eers vir jou groet,” sê Jakkals haastig.

“Hoekom wil jy nou al loop?” vra Karel Kraai. “Jy is tog vriende met die honde, en daar is mos vrede tussen al die diere op die plaas.”

“O ja,” antwoord Jakkals, “maar die vraag is of die simpel honde dit weet.” En hy draf vinnig weg.

- Hierdie verhaal is geïnspireer deur materiaal op www.teacharesources.com

| **Jakkals vertrou nie sy eie vrede nie** | |
|---|---|
| 1. Woorde word korrek en duidelik uitgespreek. | **2** |
| 2. Leerder het begrip oor wat hy/sy lees. | **2** |
| 3. Leerder lees vloeiend en vlot. | **2** |
| 4. Leerder lees hard genoeg met wisselvallige tempo soos nodig. | **2** |
| 5. Gesigspel en oogkontak is duidelik sigbaar en word toegepas. Leerder lees met passie en gevoel. | **2** |
| **Totaal** | **10** |

**Afrikaans Huistaal**

**Klanke**

**Datum ___________________**

**Naam _________________________________________**

**Graad ______**

Luister en skryf:

Luister na die woorde wat juffrou lees en skryf elkeen neer.

**Afdeling A**

1. _________________________________
2. _________________________________
3. _________________________________
4. _________________________________
5. _________________________________ (5)

**Afdeling B**


Homofone

Lees al die sinne en omkring die korrekte woord. (5)

1. My hart / hard is seer want my maatjie het getrek.
2. Die kind lei / ly die hond aan ’n tou.
3. My ma kook lekker reis / rys.
4. Ek gaan haal / hael my borsel in die badkamer.
5. Ek het per ongeluk ’n graat / graad ingesluk.

**Afdeling C**

Kyk na die prente en omsirkel die korrekte beginklank. (6)



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sw | kl | fr | sl | kr |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sk | dr | Fr | sl | kr |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sk | Dr | fr | sl | kl |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sw | kl | bl | sl | kr |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| st | kl | Bl | sl | kr |




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sw | Vl | bl | sl | kr |


Kyk na die prente en omsirkel die korrekte eindklank. (6)



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rk | rd | rm | mp | nk |




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rk | rd | rm | mp | nk |




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rk | Rd | lm | mp | nk |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rk | rd | lm | mp | nk |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rk | rd | Lm | rm | nk |



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rk | rd | lm | mp | nk |

**Afdeling D**

Bou woorde wat eindig met die volgende klanke:

Skryf dan 'n sin vir elke woord. (8)

| Klank en woord 1 punt | Sin 1 punt |
|---|---|
| E | |
| S | |
| ing | |
| lk | |

**Totaal 30**

**Memo**



**Afdeling A**



1 koning, 2 muur, 3 dier, 4 seun, 5 been

**Afdeling B**

1 hart, 2 lei, 3 rys, 4 haal, 5 graat

**Afdeling C**

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| sw · · · · | · dr · · · | · · · · kl |
| swerm | drink | klim |
|  |  |  |
| · · bl · · | st · · · · | · vl · · · |
| blink | stink | vlos |

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| rk · · · · | · rd · · · | rk · · · · |
| vurk | perd | vark |

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| lm | rm | mp |
| skelm | arm | lamp |

**Afdeling D**

| Woord | Sin |
|---|---|
| Korrekte spelling 1 punt | Korrekte sinskonstruksie<br><br>Woord word korrek in sin gebruik<br><br>Geen spelfoute 1 punt |

**Luister en praat**

**Datum ___________________**

**Naam __________________________________________**

**Graad ______**

Mondeling: My troeteldier

Instruksies:

Maak 'n plakkaat van jou troeteldier.

Beskryf al die eienskappe van jou troeteldier aan jou maats en juffrou.

**Totaal (30)**

**Tema: My troeteldier**

| | |
|---|---|
| Naam : | Foto of skets van troeteldier |
| Kategorie: | |
| Gunstelingkos: | |
| Spesiale eienskap: | |

**Totaal 10**

**Rubriek en memo: Luister en praat**

| 1 – 3 punte | 3 – 4 punte | 5 – 6 punte | 7 – 8 punte | 9 – 10 punte |
|---|---|---|---|---|
| Leerder het beperkte woordeskat en sukkel om korrek te kommunikeer en uitdrukking te toon. Praat saggies/onduideli k en sonder enige emosie of selfversekering. Inhoud word afgelees. | Leerder moet aangemoedig word om te praat. Leerder het leiding nodig deur die hele mondeling. Leerder moet gereeld lees om mondeling voort te sit. Leerder praat nie duidelik en in hoorbare stem nie. | Leerder se woordeskat is voldoende. Leerder herhaal met tye inhoud en idees. Mondeling word nie in logiese volgorde aangebied nie. Oogkontak is wisselvallig en selfvertoue verdwyn met tye. Leerder praat redelik duidelik en hard. | Leerder se woordeskat is gepas vir die tema. Leerder praat in volsinne en tydsberekening, asook kronologie is baie meer effektief. Leerder praat met goeie selfvertoue. Stem is duidelik, hoorbaar en woorde word duidelik uitgespreek. | Leerder maak gebruik van uitgebreide woordeskat. Leerder gebruik korrekte taal en praat in volsinne. Leerder praat duidelik en hard. Leerder het volle begrip oor die tema en druk haar-/homself korrek uit |
| Totaal | | | | 10 |

**Rubriek en memo vir plakkaat**

| Punt uit 5 = _________ | Punt uit 5 = _________ | Punt uit 5 = _________ | Punt uit 5 = _________ |
|---|---|---|---|
| Netheid:<br><br>Plakkaat is baie netjies.<br>Skrif van leerder is baie netjies en duidelik leesbaar van ’n afstand. | Kreatiwiteit:<br><br>Plakkaat is baie kreatief met oorspronklike versierings.<br>Plakkaat is met verskillende materiale (bv. opgerolde papier, blinkertjies, ens.), asook kleur versier.<br>Plakkaat is deur kind self gemaak. | Relevansie:<br><br>Die prent pas aan by die mondeling.<br>Die prent is oorspronklik en duidelik genoeg.<br>Plakkaat bevat al die informasie wat in mondeling ook voorkom. | Uitkenning:<br><br>Prent word maklik uitgeken en mens weet presies watter troeteldier geteken is.<br>As foto gebruik is:<br>Foto is duidelik.<br>Foto is in kleur. |
| Totaal | | | 20 |

**Afrikaans Huistaal**

**Lees**

**Selfstandige lees (onvoorbereid)**

**Naam________________________________________**

**Graad_________ Datum______________________**

Lees die volgende storie hardop vir jou juffrou.

**Koning Leeu en Mamma Eend**

Een warm dag het Koning Leeu in die gras gelê en slaap. Hy was in ’n aaklige bui.

Al die diere was ekstra saggies, want hulle was bang om hom wakker te maak. Arme Eend het niks geweet van Koning Leeu se aaklige bui nie. Al waaroor Eend bekommerd was, was al haar honger kinders. Daarom het Eend heen en weer geswem, verby Koning Leeu, op soek na vissies vir al haar honger kinders. Sonder dat Eend agterkom, spat sy Koning Leeu papnat!

“Wie durf my nat spat?” brul Koning Leeu.

“Ek is baie jammer,” fluister Eend met ’n skril stemmetjie. “Met wie dink jy praat jy so sag?” Brul Koning Leeu. “Ag, ek bedoel ek is jammer, U Hoogheid,” kwaak Eend dié keer bietjie harder.

“Nou goed dan,” brul Koning Leeu. “Maar dié is jou heel laaste kans. Kyk volgende keer mooi waar jy swem en spartel, want jy gaan volgende keer nie so lig daarvan afkom nie.” Waarsku Koning Leeu vir Eend. “Baie dankie, U Hoogheid.” Kwaak eend ewe verlig. “Volgende keer as U Hoogheid ’n guns nodig het, sal ek daar wees om U Hoogheid te help.” Kwaak Eend baie ernstig.

Koning Leeu skater van die lag en dink by homself: Hoe op aarde gaan arme Eend my met ’n guns kan help? Sy is so klein en fyn.

Twee weke later sluip ’n jagter in die bos op soek na Koning Leeu. Koning Leeu stap so hoog met sy neus in die lug dat hy glad nie die jagter gewaar nie. Skielik beland Koning Leeu in die vangnet van die jagter. Al die diere hardloop weg in alle rigtings en los Koning Leeu oor aan sy eie genade. Al dier wat nie gevlug het nie, was Eend.

Skielik begin Eend en al haar kinders te spartel in die water. Die jagter skrik so groot dat hy die vlaktes in hardloop.

Koning Leeu is gered! En van daardie dag af was Eend die nuwe koning van die diere.

- Hierdie verhaal is geïnspireer deur materiaal op www.teacharesources.com

**Totaal (10)**

Rubriek: Selfstandige lees (onvoorbereid)

| | |
|---|---|
| Woorde word korrek uitgespreek | 2 |
| Leerder het begrip vir wat hy/sy lees | 2 |
| Leerder lees vloeiend en vlot | 2 |
| Leerder lees hard genoeg en wissel tempo waar nodig | 2 |
| Maak gebruik van oogkontak en gesigspel om gevoel en emosie in teks te bring. | 2 |
| Totaal | 10 |

**Afrikaans Huistaal**

**Skrif en hantering van skryfgereedskap**

**Naam**_____________________________________________

**Datum** ___________________________________________

**Graad** _______

Skryf die volgende paragraaf oor op die lyntjies.

Maak gebruik van lopende skrif.

**Die leeu en die muis**

Een warm dag het Koning Leeu in die gras gelê en slaap. Hy was in ’n aaklige bui. Al die diere was ekstra saggies, want hulle was bang om hom wakker te maak. Arme Eend het niks geweet van Koning Leeu se aaklige bui nie. Al waaroor Eend bekommerd was, was al haar honger kinders. Daarom het Eend heen en weer geswem, verby Koning Leeu, op soek na vissies vir al haar honger kinders.

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________

_________________________________________________

**Totaal (18)**

Rubriek: Skrif

| | | |
|---|---|---|
| Kleinletters word korrek gevorm | 3 | |
| Hoofletters word korrek gevorm | 3 | |
| Letters van die boonste, asook die ondersone is korrek.<br>Letters raak onder en bo korrek. | 3 | |
| Skriftelike voltooiing:<br>Werkstempo: Leerder het hele paragraaf voltooi in korrekte tyd. | 3 | |
| Netheid: Algemene netheid t.o.v. die vorming van letters. Potlood is skerp genoeg. | 3 | |
| Potloodgreep:<br>Leerder hou potlood korrek vas.<br>Leerder hanteer potlood korrek. | 3 | |
| | | |
| Totaal | 18 | |

**Afrikaans Huistaal** **Datum** ___________________

**Skriftelike werk**

**Naam** _____________________________________________

**Graad** _____

**Afdeling A** (4)

Kies die korrekte voegwoord en voltooi elke sin.


| | | | |
|---|---|---|---|
| want | en | daarom | maar |

1. Willie ______ Pieter is beste maats.
2. My sussie is siek ________ sy het buite in die koue gespeel.
3. Sannie speel __________ Jannie slaap.
4. Susan doen elke dag haar huiswerk, ____________ is haar punte baie goed.

**Afdeling B** (12)

Lees al die woorde in die wolk en omkring al die werkwoorde.

Maak een sin met elke werkwoord.




1. _________________________________________________________________
_____________________________________ (4)
2. _________________________________________________________________
_____________________________________ (4)
3. _________________________________________________________________
_____________________________________ (4)

**Afdeling C** (10)

Lees elke sin en onderstreep elke selfstandige naamwoord.

1. My ma bak 'n lekker koek.
2. My tannie was die rooi kar.
3. My boetie speel met 'n bal.
4. Die meisie loop in die pad.
5. Die kat slaap in 'n mandjie.

**Afdeling D** (5)

Vervang die volgende woorde met meervoude

1. Die kind speel buite. _________________
2. Die kat slaap snoesig. _________________
3. Die huis is baie oud. _________________
4. Die boom groei vinnig. ________________
5. Die slang seil stadig. __________________

**Afdeling E**

a. Skryf die korrekte antoniem vir elke woord. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
| lag | honger | stadig | wakker |

| | |
|---|---|
| vinnig | |
| slaap | |
| versadig | |
| huil | |

b. Skryf die korrekte sinoniem vir elke woord. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
| mooi | siek | meisie | praat |

| | |
|---|---|
| olik | |
| gesels | |
| dogter | |
| pragtig | |

**Afdeling F**

a. Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd.

1. Die meisie borsel haar hare.

_______________________________________________________________________________

________________________________________ (3)

2. Die hond swem in die rivier.

_______________________________________________________________________________

________________________________________ (3)

b. Skryf die volgende sinne in die toekomende tyd.

1. My kat vang 'n muis.

_______________________________________________________________________________ (2)

2. Die seun speel buite in die donker.

_______________________________________________________________________________ (2)

c. Bestudeer die prentjie. Skryf 'n storie oor die prent. (26)

Instruksies: 2 paragrawe

Elke paragraaf moet uit minstens 5 sinne bestaan.



**Totaal** **75**

**Memo**

**Skriftelike werk**

**Afdeling A**

1 en  2 want  3 maar  4 daarom

**Afdeling B**

Werkwoorde: hardloop, slaap, oefen

| | |
|---|---|
| Sin begin met hoofletter | 1 punt |
| Sin eindig met hoofletter, uitroepteken of vraagteken | 1 punt |
| Korrekte sinskonstruksie en werkwoord is relevant vir sin | 1 punt |
| Korrekte werkwoord | 1 punt |

**Afdeling C**

1 ma, koek  2 tannie, kar

3 boetie, bal  4 meisie, pad

5 kat, mandjie

**Afdeling D**

1 kinders  2 katte  3 huise

4 bome  5 slange

**Afdeling E**

| | |
|---|---|
| vinnig | stadig |
| slaap | wakker |
| versadig | honger |
| huil | lag |

| | |
|---|---|
| olik | siek |
| gesels | praat |
| dogter | meisie |
| pragtig | mooi |

**Afdeling F**

**Rubriek vir sinne**

Verlede tyd

| | |
|---|---|
| Die volgende woorde kom voor in sin: het, ge | 1 punt |
| Die woorde het en ge word korrek geplaas in sin | 1 punt |
| Sinskonstruksie word korrek verander. M.a.w. die plasing van al die huidige woorde, asook nuwe woorde word korrek gekonstrueer. | 1 punt |

Toekomende tyd

| | |
|---|---|
| Volgende woorde word in sin geplaas: gaan of sal | 1 punt |
| Sinskonstruksie word korrek aangepas | 1 punt |

**Rubriek vir storie**

| | |
|---|---|
| Elke sin begin met hoofletter | (Elke sin 1 punt) Totaal 10 |
| Elke sin eindig met punt | (Elke sin 1 punt) Totaal 10 |
| Sinne volg op mekaar en word nie genommer. Paragraafstyl. | (1 punt per paragraaf) Totaal 2 |
| Alle ander leestekens word korrek gebruik. | (1 punt per paragraaf) Totaal 2 |
| Sinskonstruksie word korrek gebruik. | (1 punt per paragraaf) Totaal 2 |
| Totaal | 26 |